20 Julie 2010

Geagte Ouers en Graad 7-leerders

UITNODIGING OPEDAG WOENSDAG 18 AUGUSTUS 2010

Tyd vir hoërskool toe! U as ouers is besig met 'n uiters belangrike en moeilike besluit. Waarheen? Watter hoërskool sal vir my kind die beste wees?

Afgesien van ons prestasies op sport- en kulturele gebied, is ons veral trots op ons puik akademiese rekord. Jaar na jaar lewer Hoërskool Florida die meeste vaktoekennings sowel as die meeste personeeltoekennings tydens die distriksprysuitdeling. Die skool is beslis die akademiese bastion aan die Wesrand!

Die afgelope **twaalf** jaar is die volgende puik prestasies behaal:

- 6 leerders behaal 10 A's elk
- 15 leerders behaal 9 A's elk, 20 leerders behaal 8 A's elk
- 55 leerders behaal 7 A's elk, 64 leerders behaal 6 A's elk
- 3922 vakonderskeidings

Vir verdere inligting en navrae, moet u **beslis** Hoërskool Florida se **Opedag op Woensdag 18 Augustus 2010** bywoon. Kom vergewis uself van wat hierdie unieke skool u en u kind bied.

Die program vir dié dag is kortliks soos volg:

13:00 – 13:45	Aankoms en ete (Graad 7's)
13:45 – 14:00	Indeling in groepe
14:00 – 17:30	Roteer na verskillende aktiwiteite
17:30 – 18:00	Blokke
18:00 – 18:30	Ouers arriveer
18:30 – 20:00	Saalprogram (Ouers en Graad 7's)

Ons besef dat dit vir baie leerders moeilik sal wees om ná skool by die hoërskool te kom. Daarom onderneem ons om leerders by laerskole te gaan haal en na die hoërskool te vervoer. Die antwoordstrokie moet daarom korrek voltooi word en aan u betrokke laerskool terugbesorg word. Ons sal die antwoordstrokies daar kom afhaal. Neem asseblief kennis dat u self verantwoordelik is vir die vervoer van u kind terug huis toe. Die verrigtinge sal nie later as 20:15 duur nie.

Kom word deel van die "Florrie-magic"! Hier is elke dag 'n vervullende belewenis.

Hoërskool Florida – die besliste keuse van ingeligte ouers en toppresteerders!

Florriegroete

M.S. SCHUTTE
HOOF